fi'nis s.nw. (*Lat*.) Einde, slot. (HAT)





# Finis

Lina Spies

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

## Strofe 1

Nou maak ek self nie meer so baie saak nie
want jy’t bobbejaan na my gestuur met ’n briefie in sy bek

r.1 Nou: hartseer is verwerk

r.2 Aanhaling uit kinderrympie, maar “neef Kesie” is vervang met “bobbejaan”;
briefie: uitnodiging





## Strofe 2

*dit was geskryf op varkensblaar*
*dit was 'n bietjie dof*
*dit was om my en jou te nooi*
*na die Apies se bruilof*

r.3 varkensblaar: blaar van 'n varkblom

r.4 Aanhaling uit die kinderrympie "Die Apie se bruilof" Deur die aanhaling wil die spreker die pynlike werklikheid van die verbreking van hul verhouding vermy. Die aanhaling bring die kinderwêreld ('n dierebruilof) na vore in die gedig. Dit pas by die stemming van vreugde en geluk van die kindertyd.



Strofe 3&4

7 Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in my laat sing
8 en in my hart die Jakkalse elke dag laat trou

9 Maar wat sal jy van my kan saamneem?

r.7 nabetragting oor die verlede volg



r.8 halfrym: "en in my hart die Jakkalse elke dag laat trou": a-klanke, assonansie.

r.9 vraag verskuif fokus na spreker se eie bydrae tot vertolking

10 Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons
11 en lekker wals op die Apies se bruilof
12 sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was
13 – die wolke altyd bietjie voor die son –
14 en ek ten spyte van die reën kon lag

15 En jy sal lag

r.10 kotiljons: figuurdans; *Apies se bruilof* is 'n verbeelde huwelik. Stemming in strofe 5?: Speels ironies/wrang. Gebeur die dinge werklik?: Nee, dit is 'n toekomsblik in haar verbeelding: "Miskien".

r.11 Dieper betekenis van "koti
Albei woorde staan nou in die
Alhoewel die woorde 'n opper
van geluk en vreugde oproep,
"jy" nie goed h

r.12 "sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was" Verduideliking: Wanneer jy ongelukkig/hartseer voel omdat die lewe met jou speel, sal jy die hartseer wat jy my besorg het, onthou.

r.13 parente
gelukkig nie
troebel gem
"reën" verw
die son skyn,

lag" in r. 15?:
mooi
: 'n Skrynende,
lewe speel nou
gemaak het.

r.15 uitheffingstegnieke t.o.v. versreël: alleenplasing; kort sin; wit tipografie – beklemtoon 'n kontras – tipografie versterk die skeidingsidee. Dat versreël 15 die antwoord is op die vraag in r. 9 kan afgelei word deur die alleenplasing van versreël 15. Reël 14 en 15 verbind deur die enjambement.

# Waaroor handel die gedig?

Die gedig beeld ‘n liefdeservaring uit ná die kindertyd, maar die kindertyd is nie net deel van die verbeelding nie: dit bly deel van die gedagtewêreld van die volwassene sodat daar ‘n hegte verband behou word tussen kindwees en volwassenheid.

# DIE TITEL

- Titel: dui op ‘n einde, ‘n slot – die beëindiging/ verbreking van ‘n liefdesverhouding.
- Titel suggereer dat liefdeservaring een van pyn en ontnugtering was.

- Tog word die eertydse verhouding op speelse toon voorgestel.
- Hiervoor word ‘n liedjie gebruik: “Die Apies se bruilof” en die gesegde wat gebruik word as dit reën terwyl die son nog skyn: “jakkals trou met wolf se vrou”.
- Die aanvanklike verhouding is met oorgawe en kinderlike vreugde ervaar: “Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in my laat sing/en in my hart die jakkalse elke dag laat trou”.
- Die gedig kan in 2 dele verdeel word. In r.1-8 is die “ek” op die voorgrond. Versreël 9 bring ‘n wending. Die fokus verskuif na die “jy” wat direk in vraagvorm aangespreek word.

# Woorde wat dui op blydskap en op hartseer:

Blydskap:

"bruilof"; "liedjies"; "kindertyd"; "sing"; "kotiljons"; "lekker wals"; "lag"

Reën: "en in my hart die Jakkalse elke dag laat trou" – gesê as dit reën en die son skyn.

Hartseer:
"Jakkalse … trou"; "wolke … voor die son"; "reën"
reën = hartseer;
sonskyn = blydskap.
"Aprilmaand was/– die wolke altyd bietjie voor die son – "
wolke = hartseer; son = blydskap.
Versreël 14: "en ek ten spyte van die reën kon lag": ten spyte van die trane kon ek lag. Suggereer hartseer/trane.

- Spreker nie bitter nie: Die kindertyd het deel van haar as volwassene gebly. Die vrolike, naïwiteit van ŉ kind. Ten spyte van die reën/hartseer tydens die verhouding, kan sy lag - waarskynlik omdat sy lief was vir hom.

- Strofe 2 sterk ritmies: Dit is werklik ŉ kinderliedjie wat ritmies gesing kan word.

- Strofe 2 kursief gedruk want dit is ‘n aanhaling uit ŉ kinderliedjie.

- Tema: Afsluiting/beëindiging

# Bespreking &
# Vrae

(1) 8

(2) ek

(3) 9

(4) jy

Voltooi die volgende stelling:

Die gediginhoud kan in twee dele verdeel word. Die eerste deel, versreëls 1 tot ..(1).., sentreer rondom die '..(2)..' van die gedig. Die tweede deel begin met die wendingsreël ..(3).. waarna die gediginhoud rondom die '..(4)..' sentreer.